higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N6

(5140236)

4 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKESAMEN

DRIE verwysingswerke word toegelaat.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 1 addendum.

210Q1J2104

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Lees die teks in die ADDENDUM en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Jy moet die ouers by julle crèche oor die belangrikheid van 'n gesonde leefstyl vir almal toespreek. Skryf jou toespraak deur slegs sleutelwoorde te gebruik.

Die onderwerp van jou toespraak is: 'n Gesonde leefstyl. Die toespraak moet die volgende subopskrifte insluit: Inleiding, inhoud en slot. (16)

1.2 Lys die faktore wat 'n mens in aanmerking moet neem wanneer jy 'n toespraak voorberei. (7 × 2) (14)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Gee die meervoud van die volgende woorde uit die teks:

2.1.1 Slagaar

2.1.2 Lewenslyn

2.1.3 Vloeistof

2.1.4 Plasma

2.1.5 Plaatjie

(5 × 1) (5)

2.2 Skryf die volgende sinne in die negatiewe vorm oor:

2.2.1 Slagare vervoer suurstofryke bloed van die hart na die res van die ligaam.

2.2.2 Bloed reguleer die liggaam se suurbalans aangesien die effens alkalies is.

(2 × 4) (8)

2.3 Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor:

2.3.1 Mense sê somtyds: 'Bloed is dikker as water.' (2)

2.3.2 'n Kenner verduidelik: 'Are dra suurstofarme bloed terug na die hart en longe'. (1)

2.4 Gee sinonieme vir die volgende woorde:

2.4.1 Wisseling (2)

2.4.2 Noodsaaklik (2)

2.4.3 Voorsien (1)

2.4.4 Tipes (1)

2.5 Gee die antonieme vir die volgende woorde:

2.5.1 Koue

2.5.2 Dikker

2.5.3 Familie

2.5.4 Verantwoordelik

2.5.5 Vyande

2.5.6 Letterlik

2.5.7 Saamtrek

2.5.8 Lawaai

2.5.9 Nuut

2.5.10 Verlore

(10 × 1) (10)

2.6 Proeflees die volgende paragraaf vir spel- en leestekenfoute. Skryf die paragraaf in jou ANTWOORDBOEK oor deur al die foute reg te stel en die korreksies te onderstreep.

Lil wayne is 'n kletssanger van formaat

Wayne Michael Carter Junior word by 27 September 1982 in New Orleans, Amerika gebore
Lil Wayne was 'n eitneemende student wat vir selfuitdrukking ruimpies begin skryf het (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 3

Lees die teks in die ADDENDUM en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis van die volgende Engelse gesegde in TWEE afsonderlike sinne sodat die betekenis daarvan duidelik is.

'Bloed is dikker as water'. Moenie uit die teks aanhaal nie. (2 × 3) (6)

3.2 Noem die DRIE tipes selle waaruit bloed bestaan. (3 × 2) (6)

3.3 Uit watter % water bestaan plasma? (1)

3.4 Wat is die funksie van bloedplaatjies? (2)

3.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf elke antwoord.

3.5.1 Sonder bloed in ons are sou ons in staat wees om te oorleef.

3.5.2 Koolstofdioksied is nie 'n afvalproduk van ons liggaame nie.

3.5.3 Die menslike liggaam beskik oor meer witbloedselle.

3.5.4 Bloed is baie dunner as water.

3.5.5 Are vervoer suurstof.

(5 × 3) (15)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 4

Die prinsipaal by jou crèche het jou opdrag gegee om 'n dagseminaar te reël. Om die taak te kan uitvoer, het sy voorgestel dat jy 'n kennisgewing en agenda van 'n spesiale vergadering om die reëlings vir die seminaar te bespreek, aan al die personeel uitstuur.

Jy kan die datum en tyd van die vergadering en van die seminaar bepaal. Die volgende punte moet by die spesiale vergadering bespreek word:

1. Datum en tyd van die seminaar
2. Pligte van die personeellede
3. Program
4. Reklame

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING E

VRAAG 5

Lees die gedig, Kuberkrismis, en beantwoord dan die volgende vrae.

Kuberkrismis

Die muis swiep heen en weer om snelvuur
Honderde Kerskaarte uit te stuur,

foto's te pos van jou Kersboom, jou stergewelf
in die kleine, nabyskote van geskenke aan jouself,

jou tafel met silwer eetservies & kraakporselein,
jou spyse vir die dag, lamskotelet, brood en wyn,

jou fees vir een. Met jou wagwoord, jou sjibbolet,
kan jy laatnag saamkuier op die internet,

jou verlekker aan feeste op elke kontinent,
by ander se verwarm, ander se vreugdes inprent.

Kersoggend is jy al voordag tussen mense
Aanlyn vir die uitruil van beste wense

& virtuele geskenke, met oraloor 'n gul
getwitter wat die oggendstilte vul,

wawydwakker & nugter in jou nagjurk,
& met jou blydskap nog toegekurk.

Deur: Johann de Lange

5.1 Die titel, Kuberkrismis, is baie vreemd. Wat dink jy, waaroor handel die gedig?

Som die inhoud van die gedig in jou eie woorde in 'n kort paragraaf van VYF sinne op. (5 × 2) (10)

5.2 Wie is die digter? (3)

5.3 Watter tipe rymskema word in die gedig gebruik? (2)

5.4 'Die muis swiep heen en weer'

Het die aanhaling 'n letterlike of figuurlike betekenis? (1)

Kopiereg voorbehou

5.5 Gee toepaslike voorbeelde uit die gedig van die volgende stylfigure:

5.5.1 Klanknabootsing

5.5.2 Alliterasie

5.5.3 Ironie

5.5.4 Kontras

5.5.5 Teenstelling (5 × 2) (10)

5.6 Wat beteken die '&'-teken. (1)

5.7 Haal woorde aan uit die gedig om te motiveer dat die spreker alleen is. (3)

5.8 Verduidelik die betekenis van die volgende woorde:

5.8.1 swiep

5.8.2 eetservies

5.8.3 wagwoord

5.8.4 kontinent

5.8.5 virtuele

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING E: 40

AFDELING F

VRAAG 6

6.1 Skryf namens die personeel by jou instelling, 'n brief aan die plaaslike koerant waarin jy jou kommer uitspreek oor kinders se ongesonde eetgewoontes, wat aangehelp word deur wegneemrestaurante wat hul kos aanhoudend as spesiale aanbiedinge adverteer.

Verskaf 'n eie briefhoof vir die instelling.

Maak positiewe aanbevelings om te help om 'n gesonde leefstyl te bevorder.

Jy moet die brief aan die Redakteur rig. Die naam van die koerant is jou eie keuse. (20)

6.2 Ontwerp 'n vertoonadvertensie om die dagseminaar te adverteer. Gebruik VRAAG 4 om jou met die advertensie te help. Onthou om alle besonderhede oor die dag in te sluit. Die advertensie moet aan die AIDA-beginsel voldoen. (20)
[40]

TOTAAL AFDELING F: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

BLOED – JOU VLOEIBARE LEWENSLYN

Sonder bloed in ons are sou ons nie kon oorleef nie. As dit nie vir bloed was nie, sou ons organe nie suurstof of ander noodsaaklike voedingstowwe ontvang het nie. Ons sou ook nie in staat gewees het om liggaamshitte op te bou of ons liggame af te koel nie, en ons liggaame sou nie in staat gewees het om infeksies af te weer of afvalstowwe soos koolstofdioksied uit te skei nie.

Funksies van bloed

Bloed is 'n gespesialiseerde vloeistof met verskeie funksies in die menslike liggaam.

- Dit verskaf suurstof aan liggaamsweefsel. Hemoglobien in rooibloedselle vervoer suurstof na alle dele van die liggaam en stel dit vry waar dit nodig is.
- Dit dra voedingstowwe soos glukose, aminosure en vetsure na die selle in die organe wat dit nodig het.
- Dit vervoer koolstofdioksied na die longe waar dit uitgeasem word.
- Dit bevat witbloedselle wat teenliggaampies vervaardig. Dit maak deel van die immuunstelsel uit, wat siekte en infeksies afweer.
- Dit het ook bloedplaatjies wat bloed laat stol en wat oormatige bloeding voorkom.
- Bloeding wys waar daar skade aan weefsel is.
- Bloed reguleer die liggaam se suurbalans aangesien dit effens alkalies is.
- Dit reguleer die liggaamstemperatuur.

Die menslike liggaam beskik oor meer rooibloedselle as enige ander tipe sel. Die liggaam vervaardig daagliks nuwe rooibloedselle om dié wat doodgaan of wat tydens bloeding verlore gaan, te vervang.

Feite oor jou bloed

Bloed word op twee maniere deur die liggaam na die organe vervoer:

- Slagare vervoer suurstofryke bloed (bloed wat in die longe suurstof verkry) van die hart na die res van die ligaam.
- Are dra suurstofarme bloed terug na die hart en longe waar dit koolstofdioksied afgee en suurstof opneem. Die proses word gaswisseling genoem.

Elke keer wat die hart saamtrek en ontspan, pomp dit bloed deur die liggaam. Bloed bestaan uit drie tipes selle: rooibloedselle (rooiliggaampies), witbloedselle (witliggaampies) en bloedplaatjies. Die selle beweeg in 'n gelerige vloeistof, wat plasma genoem word. Plasma maak ongeveer 54,3 persent van die bloed se volume uit en bestaan uit 90 persent water. Die res bestaan uit voedingstowwe, proteïene, hormone en afvalprodukte uit die selle van die verskillende organe. Bloed bestaan dus uit rooiliggaampies, witliggaampies, bloedplaatjies en plasma.

Soos die Engelse spreekwoord sê, 'blood is thicker than water', of in Afrikaans, 'waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit'. In 'n figuurlike sin beteken dit dat ons familie bo ons vriende en kennisse verkies. Maar omdat bloed so 'n groot verskeidenheid selle bevat, is dit letterlik ook dikker as water.

[Bron: Aangepas en vertaal uit *You*, 2016]

Kopiereg voorbehou